Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 3, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# AARDRYKSKUNDE (GEOGRAFIE) AS AANGRENSENDE WETENSKAP TOT DIE GESKIEDENIS

Kol J. A. Combrinck*

**Historical events are so closely related to geographical conditions, that one is unable to gain a true understanding of the former, without knowledge of the latter.**

**Lately, an introductory chapter on the geographical conditions in a country is very often included by historians, especially in historical works of a general nature. History can furthermore not be explained without geography. Students of history must know where the borders of a state are and precisely where wars and battles have been fought. It is also a fact, though less obvious, that geographical facts greatly influenced the course of history. Even the constitutional and social developments within an established nation are dependent on both because geographical conditions can influence the nature of negotiations with other countries. All foreign relations, friendly as well as hostile, are based mainly on geography, while industrial developments are mainly (although not entirely) dependent on that which is published in geography books.**

## Inleiding

Om geskiedenis in al sy fasette te bestudeer is daar meer nodig as net die kronologiese feitelike gebeure. 'De geschiedenis', het die groot Nederlandse historikus Huizinga eens geskrywe, 'is de onzelfstandigste van alle wetenschappen. Zy heeft meer dan enige andere voortdurend hulp en steun nodig van allerlei andere gebieden van kennis.'[1] Die redes daarvoor is dat die geskiedenis 'n wyer veld bestryk as ander wetenskappe en dat dit van alle wetenskappe die naaste aan die lewe staan. Die geskiedenis mag dus nie in 'n waterdigte kompartement gehou word nie maar moet in noue verwantskap met ander vakke, die sogenaamde hulpwetenskappe, gebring word.

Sonder om te wetenskaplik te raak maar nogtans die begrip hulpwetenskappe oor te dra kan gesê word dat dit in twee hoofgroepe verdeelbaar is. Aan die eenkant is daar diegene wat alle wetenskappe waarby die geskiedenis iets kan leer as hulpwetenskappe beskou. Aan die ander kant is daar diegene wat die benaming hulpwetenskappe slegs vir 'n klein groepie spesifieke wetenskappe reserveer.

Dit is natuurlik so dat byna alle wetenskappe vir die geskiedenis van hulp kan wees — so kan die chemie die historikus help met die ontleding van die ink op die Dingaan-Retieftraktaat (dws as die oorspronklike gevind kan word); so kan die geografie die historikus help om die invloed van die omgewing op die Voortrekkers te verstaan; so kan die etnologie die historikus help om 'n beter insig in die gedagtewêreld van die negentiende-eeuse Zoeloe te kry. Maar daar is 'n radikale verskil tussen die selfstandige wetenskappe en die onselfstandige wetenskappe. Dit is dus nodig om tussen die twee groepe te onderskei. Die volwaardige en selfstandige wetenskappe waarby die historikus soms gaan lig opsteek, is dus nie hulpwetenskappe nie, maar kan aangrensende wetenskappe genoem word. Hierdie aangrensende wetenskappe is wetenskappe wat as selfstandige vakke aan enige universiteit bestudeer kan word. Dieselfde kan nie van die hulpwetenskappe gesê word nie. Die benaming 'hulpwetenskappe van die geskiedenis' is slegs van toepassing op daardie wetenskappe wat aan die volgende drie vereistes voldoen:

a. onselfstandig is, maw nie as volwaardige vakke beoefen word nie
b. buitengewoon gespesialiseerd is, maw so tegnies van aard is dat dit heelwat studie verg; en
c. hoofsaaklik hulp aan die geskiedenis verleen, maw van groter betekenis vir die geskiedenis is as vir ander wetenskappe.[2]

Hoewel die term aangrensende wetenskappe omskrywe en duidelik afgebaken is van die hulpwetenskappe sal daar by die samestelling van so 'n lys nogtans weinig eensgesindheid wees. Duidelikheidshalwe word met enkele voorbeelde van beide volstaan:

a. *Aangrensende wetenskappe:*
   1. aardrykskunde
   ii. sosiologie

iii. ekonomie
iv. staatsleer
v. taalkunde

b. *Hulpwetenskappe:*
i. kronologie
ii. paleografie
iii. heraldiek
iv. genealogie
v. numismatiek

## Korrelasie tussen Aardrykskunde en Geskiedenis

Soos aanvanklik reeds gesê, mag die geskiedenis nie in 'n waterdigte kompartement gehou word nie, maar moet in noue verband met ander vakke en veral die aardrykskunde gebring word. Historiese gebeure is so nou verbonde aan geografiese toestande, dat die mens nie in staat is om 'n ware begrip van eersgenoemde te verkry sonder 'n kennis van laasgenoemde nie. Dit was egter nie altyd die geval nie en dit is slegs in die later jare dat hierdie gebruik deur die historikus toegepas word. 'n Inleidende hoofstuk oor die geografiese gesteldheid van die land word nou dikwels, veral in algemene geskiedeniswerke, gesien.

Verder kan gesê word dat geskiedenis nie verklaarbaar is sonder geografie nie. Dit is 'n feit dat die student van geskiedenis moet weet waar die grense van 'n staat is, waar oorloë en veldslae geveg is, ens. Dit is net so 'n feit, hoewel minder opsigtelik, dat geografiese feite die gang van die geskiedenis grootliks beïnvloed. Selfs die konstitusionele en sosiale ontwikkelinge van 'n gevestigde nasie is afhanklik van beide, aangesien geografiese posisies die aard van onderhandelinge met ander nasies beïnvloed. Alle buitelandse verhoudinge, vriendskaplik sowel as vyandelik, is grootliks gebaseer op die geografie terwyl industriële ontwikkeling grotendeels, hoewel nie uitsluitlik nie, afhanklik is van dinge wat in aardrykskundige boeke gepubliseer word.

Om die invloed van aardrykskunde op die gang van geskiedenis van naderby te bestudeer en te bewys, is dit nodig om aandag aan 'n aantal van dié faktore te wy:

### Die fisiese omgewing

Daar moet by die studie van die mens en sy doen en late altyd rekening gehou word met fisiese toestande wat menslike vooruitgang kondisioneer. Dit kan gesê word dat die geskiedenis die verhaal is van die pogings van die mens om homself in sy studie te verryk en verdiep deur 'n begrip van die geografiese agtergrond van sy probleme. Geskiedkundige probleme ontstaan sowel in tyd as in ruimte en daarom kan die geskiedenis behalwe in sommige van sy gespesialiseerde vertakkinge nie losgewikkel word van die land of lokaliteit waarin dit afgespeel word nie. Of soos J. L. Myres dit stel in sy *Cambridge Ancient History:* 'For if Geography without History seemeth a carkasse without motion so History without Geography wandreth as a Vagrant without a certaine habitation.'[3]

In die geskiedenis word baie dikwels die vraag 'waarom?' gestel. Maar dit is ook nodig om te vra 'waar?' en 'waarom daar?'.[4]

Dit sou egter oordrewe wees om te sê dat die menslike ontwikkeling deur die eeue heen slegs beheer word deur fisiese toestande. Die geografiese faktore kondisioneer, maar dit bepaal nie die aktiwiteite van die mens nie. Vir 'n baie lang tyd het nòg die Japanners nòg die Engelse veel aandag aan die see bestee. Die aanwesigheid van minerale rykdomme soos yster en steenkool het niks verander aan die feit dat die Chinese (tot onlangs altans) kleinboere was wat die grond bewerk het. So was die groot graan gebiede in Suid-Rusland en die *VSA* graslande in diens van die veeboer en die jagter.

Die mens slaag ook nie daarin om sy fisiese wêreld volkome te beheer nie, want gedurig word nog verneem van oorstromings en hongersnood wat dele van China teister, van wydverspreide gronderosie in dele van Afrika, die aanname dat in Sentraal Afrika die woestyn aan die beweeg is en die voortdurende bedreiging wat droogte inhou in baie dele van die wêreld.[5]

Die aardrykskunde of die natuurlike gesteldheid van 'n land, kan nooit 'n volledige verklaring bied vir die historiese ontwikkeling wat in daardie land plaasgevind het nie. In die geskiedenis werk gewoonlik 'n groot aantal faktore mee, sodat 'n bepaalde gebeurtenis of reeks gebeurtenisse plaasvind en die aardrykskundige faktore kan hier dus maar een van baie ander faktore wees.

### Ligging

Hoewel ligging in die een opsig 'n konstante faktor in aardrykskunde is, is dit in 'n ander opsig 'n veranderlike faktor, deurdat die betekenis van die ligging van 'n plek in 'n veranderde wêreld ook moet verander. Vergelyk bv die wêreld soos wat dit was in die glanstydperk van die Romeinse Ryk, met dié bekend na die groot ontdekkings. Die kusgebiede van die Middellandse See het na die ontdekking van nuwe waterweë nie meer dieselfde betekenis gehad as wat dit voorheen gehad het nie. Die ligging van 'n plek word ook

geaffekteer deur die mate waarin die bekende gebiede bewoon of onbewoon is en beskaafd of onbeskaafd is.

Die ligging van die Britse eilande is gunstig tov besoeke aan Amerika, Suid-Afrika, die Verre Ooste, maar ook tov die Noordsee, die Baltiese en die Middellandse See. Geen landmassa lê onmiddellik weswaarts van die Britse eilande om 'n versperring te vorm op sy seeroete na die Weste nie. Vir die oseaniese roete na die Kaap en die Verre Ooste is beide Portugal en Spanje beter geleë as die Britse eilande, 'n voorrang wat hulle dan ook geëksploiteer het.

In die vroeë stadia van hulle geskiedenis was die posisie van die Britse eilande minder gunstig. In moderne tye moet 'n eilandryk beskik oor 'n vloot ter wille van die eie beskerming en sedert die tyd van Elizabeth I het Engeland dan ook 'n groot vloot opgebou.

Lande waarvan die ligging so is dat dit in die gematigde of koelgematigde streke geleë is, dra dan ook die grootste bevolkings. Lande wat in die koue lugstreke geleë is soos Groenland en Ysland, is swak bevolk en swak ontwikkel.

Lande soos Amerika en Suid-Afrika het hulle ontdekking te danke gehad aan hulle ligging. Die geskiedenis leer dat die Europese ontdekking en besetting van nuwe wêrelddele nie die produk van die doelbewuste menslike wil was nie. Columbus het 'n nuwe wêrelddeel ontdek, nie omdat hy na Amerika nie, maar na Indië gesoek het. Amerika se ligging is sodanig dat dit toevallig in sy pad was. Suid-Afrika is amper 500 jaar gelede ontdek, nie omdat die Portugese seevaarders na Suid-Afrika nie, maar na die seeweg gesoek het wat Europa met die Verre Ooste verbind. Die geografiese ligging van Suid-Afrika het toe reeds sy historiese noodlot bepaal.

As 'n mens na die landkaart kyk, sien jy al gou dat die Nederlande, d.i. die Noordelike Nederland (die huidige Holland) en die Suidelike Nederland (die huidige België), 'n besonder gunstige ligging met die oog op handel het. Nie slegs ten opsigte van hulle binneland en agterland nie, maar ook ten opsigte van die buiteland het die Nederlandse geweste 'n gunstige ligging gehad. 'n Mens kan volkome beaam wat Van Rees skryf: 'Welk land was meer geschikt om de schepen der verschillende natiën tot zich te lokke, om aller handelswaren tijdelijk op zijn gastvrijen bodem te bewaren, om de markt te worden waar ieder brengen kwam wat hij had aan te bieden, overtuigd dat hij er vinden zou, wat hij in ruil begeerde? Voorzeker, de bewoners van Nederland moesten al zeer traag of zeer stomp geweest zijn, wanneer zij niet spoedig van dij gunstige ligging hadden partij getrokken'.[6]

Dit was hierdie drang na uitbreiding van die handel wat een van die redes was waarom die Nederlanders in 1652 'n verversingspos aan die Kaap gestig het. Ten spyte van die Suezkanaal is die Kaap vandag nog 'n baie belangrike strategiese punt wat vir die skeepvaart van die Westerse Wêreld groot betekenis inhou.

## Grootte

Die grootte van 'n land moet invloed uitoefen op sy geskiedenis. Gewoonlik is die natuurlike hulpbronne van 'n klein landjie baie meer beperk as dié van 'n groot land (dit hoef natuurlik nie altyd die geval te wees nie). Rusland is byvoorbeeld 'n ontsaglike groot land met feitlik onbeperkte hulpbronne en moontlikhede sodat dit vandag 'n deurslaggewende rol in die wêreldpolitiek kan speel.

In groot lande is dikwels ook sentrale gebiede wat in 'n groot mate geïsoleer is en nie maklik bereikbaar is deur die vogtige winde wat aan die gebied sy reën moet skenk nie. Daarom dat groot dele van Sentraal-Australië woestyngebiede is. Vooruitgang is dus ook stadig of feitlik onmoontlik.

## Winde, Seë en Kuste

Die see het 'n groot invloed op die klimaat en reënval van die land wat dit omspoel. As gevolg van verskille in lugdruk word winde op die oseaan opgewek. Wanneer sodanige winde oor lang afstande oor die oseaan waai, raak dit swaar belaai met vog en wanneer dit dan die land met 'n lae lugdruk bereik, reën dit oor daardie lande.

Vir die mens is die see ook 'n bron van voedsel. Baie mense maak 'n bestaan uit die see. Veral die eilandryk Japan, met sy 100 000 000 inwoners, is in 'n groot mate van die see en die visserybedryf afhanklik. Die Hollanders wat maar 'n betreklike klein landjie het, moes hulle reeds vroeg in die moderne tyd tot die see wend en het hulle nie alleen die visvangs beoefen nie maar het hulle ook weldra die vragvaarders van die wêreld geword (sien ook ligging).

Nie alle nasies het die moontlikhede van die see soos die Hollanders en die Engelse ten volle benut nie.

Met die aanvang van die seehandel het Spanje 'n geweldige voorsprong gehad. Sy het oor 'n lang kuslyn met 'n aantal uitstekende hawens beskik en het boonop 'n baie goeie ligging op die aardbol gehad. Sy was verder ook in die

geleentheid gestel om eerste aanspraak op die 'Nuwe Wêreld' te maak. En tog het die Spanjaarde nooit 'n werklik industriële land of seevarende moondheid geword nie.

Die naam van Columbus wat die Amerikas onder die Kastiliaanse vlag ontdek het, mag genoem word, maar daar moet onthou word dat hy nie 'n ware Spanjaard was nie. Ook het Cortes en Pizarro se name in die geskiedenis voorgekom tussen die voorste ontdekkers maar hulle was eerder avonturiers as seevaarders. Juis die feit dat Cortes na sy landing in Meksiko sy skepe verbrand het is 'n bewys dat hy nie werklik 'n seevaarder was nie'. Spanje het wel van tyd tot tyd groot vlote gehad wat met uitstaande moed geveg het, maar hulle groot verliese by St Vincent, Trafalgar en bowenal van die Armada is grootliks te wyte aan die gebrek aan werklike seemanskap. Ten spyte van die feit dus dat die Spanjaarde al die voordele van die see, die ligging, ens, gehad het, het hulle nooit, as seevaarders die hoogtes bereik wat die geval met die Engelse en Hollanders was nie.

Vir Suid-Afrika is die groot seestrome ook van belang, veral wat betref die invloed wat dit op die klimaat het. Langs die oos- en suidkus loop die sterk en vinnige Agulhasstroom, wat uit die noorde kom en daardeur 'n hoë temperatuur besit. Langs die weskus loop die minder sterk Benguelastroom in 'n noordelike rigting. Dit is 'n koue stroom wat in botsing kom met die warm Agulhasstroom en die oorsaak is van die wisselvallige en onstuimige weersomstandighede wat soms om die Kaap aangetref word.

Die onstuimigheid van die kusgebied van die Kaap was een van die redes waarom die Portugese nie 'n verversingspos aangelê het nie. Volgens sommige matrose sou hulle suid van die Kaap hoër golwe aangetref het as elders ter wêreld. Die Kaap was in vroeë dae dan ook bekend as Stormkaap en menige skip het aan die kus op die rotse geloop.

Waarom is die roete om die Kaap so laat ontdek? Gedeeltelik is dit as gevolg van ernstige seevaartmoeilikhede in die dae van die seilskip. Noord van die ewenaar moes skepe deur 'n gebied gaan waar windstiltes geheers het en dit het moed en vindingrykheid van die skeepslui vereis. Daar moes rekening gehou word met die windstelsels ten noorde en ten suide van hierdie gebied.

Om voordeel te trek uit die noordoostewinde in tropiese gebiede moes skepe op pad na die Ooste 'n suidwestelike koers inslaan, wat hulle tot aan die Brasiliaanse kus gevoer het. Die Portugese het dan gebruik gemaak van die westewinde wat hulle tot by die Kaap gebring het, waarna hulle 'n end al langs die ooskus van



**Lugfoto van die Kaapse Skiereiland**

Afrika gevaar het. Dit verklaar die oprigting van faktorye langs die Oos-Afrikaanse kus. Die Hollanders het egter, wanneer hulle die Kaap bereik, weer eens weswaarts koers gehou, die kus van Afrika verlaat, met die westewinde tot naby Australië geseil vanwaar hulle Batavië met 'n suid-oostewind bereik het. Hulle het dus geen ander aandoenplek as die Kaap of St Helena gehad nie en dit is een rede waarom hulle by die Kaap 'n verversingspos opgerig het.

Die Suid-Afrikaanse kus is betreklik reguit met min inhamme, sodat ons weinig natuurlike hawens het en hier selde 'n veilige ankerplek vir skepe gevind kan word, in teenstelling met Europa wat kan spog met heelwat geskikte hawes wat vir die skeepvaart en die handel groot betekenis het.

Die vestiging van die Trekkers in die binneland het vir hulle die moontlikheid om 'n eie seehawe te bekom, bemoeilik. Aardrykskundige faktore sou hier ook 'n rol speel, afgesien daarvan dat dit Britse politiek was om die Trekkers van die see af weg te hou. Weens gebrek aan geskikte hawens en die suidelike hawens reeds in besit van Brittanje kon die Trekkers moontlik 'n geskikte hawe aan die weskus vind, maar hier was klimaatsomstandighede daarvoor verantwoordelik dat die gebied hoofsaaklik uit sandduine bestaan. Die Trekkers het hulle oë op die ooskus gevestig. Aan die Natalse kus was Port Natal waar 'n lagune ontstaan het en sodoende 'n goeie hawe gevorm is. Verder is die oë gerig op Delagoabaai, terwyl St. Luciabaai ook moontlikhede ingehou het.

## Berge, Vlaktes en Riviere

Berge, vlaktes en plato's oefen invloed uit op die geskiedenis van 'n land, veral wat betref die verspreiding van die bevolking en die afsondering wat 'n bergreeks tussen twee gebiede kan meebring.

Baie selde het 'n bergagtige gebied groot aantrekkingskrag vir menslike bewoning. In Noord-Amerika is die grootste bevolkingsametrekking op die laaglande. Selde vind mens dan ook dat groot gevegte plaasgevind het om grondbesit op berge. Vlaktes van gebiede wat vrugbaar en bewoonbaar is, het nog altyd groot bevolkings getrek.

Dit is daarom begryplik, dat die uitbreiding van die kolonisasie in Suid-Afrika aanvanklik plaasgevind het langs die voet van die gebergtes in die westelike en suidelike kusstreke, maar dat die land in die Karoo nog teen die middel van die 18de eeu hoogstens vir tydelike weiveld gebruik is. Ook die klimaat, trouens, het hiertoe meegewerk. En toe eindelik ook in die Karoo plase gestig is, het dié mense daar min kans gehad om hulle produkte op die mark te bring. Eers teen die middel van die 19de eeu het Suid-Afrika sy mooi bergpaaie gekry en selfs die aanleg van 'n spoorwegsisteem, wat na 1870 kragtig aangepak is, het vertraging ondervind deur die swaar natuurlike hindernisse in die nabyheid van die kus. In teenstelling met die suidwestelike en suidoostelike randgebiede vorm die Groot Karoo en die sentrale hoogvlakte, streke van makliker verkeer.

Die land wat beskik oor bevaarbare riviere het dié voordeel dat skepe hulle vragte diep in die binneland kan op- en aflaai. Ons dink aan die Kongo (gedeeltelik bevaarbaar), die Ryn, die Mississippi e.a. riviere. Hulle bevaarbaarheid en water bied groot moontlikhede vir vooruitgang.



**Die Zambesirivier is die enigste rivier in Suid-Afrika wat betekenis het vir skeepsvaart**


Die enigste rivier in Suid-Afrika wat betekenis het vir die skeepvaart, is die Zambesi. Verder is die riviere deur snelheid van stroom en gebrek aan diepte onbevaarbaar, met uitsondering van klein entjies by die mondings, wat bowendien nog gewoonlik deur sandbanke ontoeganklik gemaak word vir groot skepe. Die historiese betekenis van riviere in Suid-Afrika lê daarom in hulle waarde vir die watervoorsiening. In vroeë dae het die mense nog geen boorgate en windpompe gehad nie, sodat hulle by die keuse van 'n woonplek nog baie meer afhanklik was van stromende water en natuurlike fonteine as teenswoordig.

Goeie begrip van die aard en rigting van die Groot Visrivier is nodig om die grensvraagstuk van die negentiende eeu beter te begryp. Hierdie rivier kon nie 'n doeltreffende grenslyn tussen die Kolonie en die destydse Kafferland vorm nie. Nie alleen kon dit maklik in die droë seisoen oorgesteek word nie maar vanaf ongeveer 60 km van die see af loop dit parallel met en nie reghoekig met die kuslyn nie.

Die beste natuurlike grense in die verlede is veral voorsien deur oseane, woestyne, bergstelsels, moerasse, woude en riviere. Hulle is hindernisse vir menslike beweging, ook in tyd van oorlogvoering.

Die grootste gedeelte van Suid-Afrika is 'n uitgestrekte hoogvlakte waarvan die ligging tussen 4 000 en 6 000 vt bo seevlak is. Die hoë bergreekse wat naby en parallel met die suid- en ooskus loop, is baie steil en hoog. Om hierdie rede het die uitbreiding aanvanklik plaasgevind langs die voet van die berge, in die westelike en suidelike kusgebiede.

Daar moet gewys word op die geografiese agtergrond en die invloed wat versperrings op die verloop van gebeure, bv 'n veldslag, gehad het. Dink bv aan die rol wat 'n bergvesting soos Thaba Bosigo gespeel het in die oorloë tussen die Vrystaat en die Basoeto's. Dink verder aan die rol wat die Drakensberge gespeel het om van Natal 'n aparte Republiek te maak en om dieselfde rede het Engeland in 1842 slegs hierdie gebied geannekseer en nie die hoëveldse gebied verder na die weste nie.



**Thaba Bosigo, die bergvesting wat 'n groot rol gespeel het in die oorloë tussen die Vrystaat en die Basoeto's**

**Delfstowwe**

Wanneer 'n land ryk is aan delfstowwe word 'n bevolkingskonsentrasie in daardie gebiede waar die delfstowwe aangetref word gevind en ontstaan daar talle maatskaplike, ekonomiese, politieke en sosiale gevolge. 'n Land se onderaardse rykdom was in die verlede heel dikwels die oorsaak van verwoestende oorlog. In Noord-Frankryk en Suid-België is ryk steenkool neerslae. Omdat die gebied min natuurlike versperrings het, kan dit nie so maklik verdedig word nie. Telkens wanneer daar 'n oorlog uitgebreek het, is Elsas-Lotharinge en die Ruhr-gebied dan ook maklik lamgelê en het die industrieë stilgestaan. Die natuurlike hulpbronne van Noord-Amerika het hom in staat gestel om 'n leidende industriële en fabriserende moondheid te word.

In Suid-Afrika word 'n buitengewone ontwikkeling op die gebied van die mynindustrie aangetref. Dit geld veral goud, diamante en in 'n minder mate steenkool. Suid-Afrika het sy welvarendheid in 'n groot mate aan sy delfstowwe te danke. Die ontdekking van goud en diamante in die tweede helfte van die negentiende eeu het dan ook belangrike politieke, ekonomiese en sosiale gevolge meegebring. 'n Groot stad soos Johannesburg het sy bestaan aan niks anders as die goudriwwe van die Witwatersrand te danke nie. Dieselfde geld vir Kimberley (diamante), Vereeniging en Witbank (steenkool).

Vanuit die staanspoor was die tekort aan water 'n probleem by die steeds groeiende Johannesburg. Aanvanklik is water verkry vanaf lokale stroompies en fonteine maar moes later aangevul word deur boorgate te sink. Toe dié sowel as die water uit die nabygeleë dolomietgebiede opraak is die Randse Waterraad in 1903 gestig ten einde die planne om water vir die verskillende dorpies te verkry, te koördineer. Teen 1911 het dit duidelik geblyk dat ook hierdie poging nie voldoende was nie en moes 'n ander plan gemaak word. Vandaar dan ook vandag die Vaaldamskema.[8]

Die ontdekking van diamante in Kimberley het aanleiding gegee tot die totstandkoming van 'n spoorlyn tussen Kaapstad en Kimberley in 1885 asook Port Elizabeth en Oos-Londen. Voorheen het dit 'n tog van drie maande per ossewa beteken. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het 'n verdere stimilus van die steeds groeiende netwerk van spoorverbinding tot gevolg gehad sodat spoorlyne vanaf die Kaapse en Natalse hawens asook vanaf Lourenco Marques gedurende die iare 1887 - 95 aangelê is.

Hierdie spoorverbinding het aanleiding daartoe gegee dat tot dusver onbekende en moeilik bekombare gebiede oopgestel is aangesien dit nou lonend was om dieper die land in met 'n verskeidenheid van ondernemings 'n begin te maak.

**Plantegroei**

Plante voorsien die mens van voedsel sowel as rou materiaal. Die mens is direk sowel as indirek afhanklik van plantegroei, omdat dit voedsel aan diere voorsien, wat weer op hulle beurt aangewend kan word as menslike voedsel, as trekdiere en as bronne van roumateriaal.

Vanaf vroeë tye reeds beïnvloed die mens die fauna en flora van sy omgewing. Sekere soorte plantvorme en dierelewe word bestry en uitgeroei terwyl ander plantsoorte gekultiveer en diersoorte mak gemaak word. In die koue poolstreke is die grond altyd gevries, sodat die groei van bome en graan onmoontlik is en die skraal natuurlike plantegroei, soos struike en 'n bietjie gras wat verder van die poolsirkels af aangetref word in die somer, slegs maar enkele diere, soos die takbok, kan onderhou. Ook die tropiese plantegroei veroorsaak vir die mens allerlei beperkings sodat die gebiede wat die geskikste is vir menslike ondernemings, die subtropiese gebiede is.

Groot woude vorm 'n swaar hindernis by die kolonisasie van 'n nuwe land; dit belemmer die verkeer sowel as die uitbreiding in handel en het daarom die neiging om die bevolking bymekaar te hou. Suid-Afrika se reënval is oor die algemeen nie hoog nie, dit is tipies periodiek van aard en val oor die grootste deel van die land gedurende die somer — daarom dus dat die land relatief arm is aan bosse en hoofsaaklik grasveld aangetref word. In hierdie steppestreke is niks wat bewegingsvryheid en territoriale ekspansie belemmer nie — en hierdie feit kan, naas klimaat, as 'n belangrike rede vir die verstrooiing van bevolking beskou word.[9]

Oor die algemeen is die ooste van Suid-Afrika 'n baie aanlokliker gebied vir boerdery as die weste, en deur beide sy watervoorraad en weiveld baie beter geskik vir groot volksbewe-

gings en militêre operasies. Daarom ook dat sowel die Swartman wat uit die noorde, as die Witman, wat uit die suide kom, sy uitbreiding in die oostelike streke soek. So word die ooste die toneel van groot botsings van die dramatiese politieke en ekonomiese ontwikkelings.

## Klimaat

'n Gunstige klimaat is 'n essensiële voorwaarde vir 'n hoë beskawing.[10] Dit beïnvloed nie alleen 'n mens se gesondheid en werkkrag nie, maar ook die plantegroei en dierewêreld en gepaardgaande daarmee ook grotendeels die bruikbaarheid en bewoonbaarheid van 'n land. 'n Gunstige klimaat is egter nie die enigste voorwaarde vir die totstandkoming van 'n hoë beskawingspeil nie. Die klimaat van 'n land moet ook matig en koel wees.

Die Mediterreense gebied word beskou as 'n gebied met 'n betreklik gunstige klimaat. Dit is derhalwe nie bloot toevallig dat die Mediterreense gebied een van die wêreld se mees standhoudende sentra van beskawing was nie. Vir duisende jare het Egipte, Mesopotamië en Persië die wêreld gelei van barbaredom tot 'n hoër kultuur omdat dit 'n temperatuur van ongeveer 70°F het.[11]

By die trope, dus die gebied wat die ewenaar omring, is dit te warm en die reënval is in die reël te hoog vir blanke bewoning. In die poolstreke is dit weer te koud en is die gebiede òf onbewoonbaar òf skraal bewoon, nie net as gevolg van intense koue nie maar ook weens gebrek aan voedsel.

Selfs in gematigde streke is daar gebiede waar die reënval nie voldoende is nie. 'n Koue seestroom is bv verantwoordelik vir die Namibwoestyn. Op ander plekke is die reënval te hoog. In dele van Indië in die Himalaya-gebergtes is die reënval geweldig hoog. Die mense wat wel daar woon, sterf op vroeë ouderdom.

Die 'British South African Company' en later die Rhodesiese regering het veral die gunstige klimaat van Rhodesië aangewend om gedurende 1907 tot 1960 in brosjures en handleidings voornemende immigrante met woorde soos: 'the climate of Southern Rhodesia leaves little to be desired'[12] aan te moedig om in Rhodesië te begin boer.

In tye van oorlog speel die klimaat 'n belangrike rol. Neem bv die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902: Die eerste veldslag, nl Talana, was vir die Boere 'n mislukking. Klimaatstoestande, nl die mis en reën, het samewerking tussen die Boeremagte onmoontlik gemaak. Die seisoen het 'n vername rol in die optrede van die Boeremagte gespeel. Gedurende die winter en vroeë lente was hulle optrede beperk tot geringe botsings. Wanneer die lentereëns geval het en die gras vir die perde voldoende was, het 'n tydperk van aktiewe optrede gevolg.

Die evolusie van die Kaapse trekboer moet gesien word in die lig van die droë klimaat wat die Kaapse binneland ongeskik maak vir die verbouing van koring. Die bestaan van die trekboer het berus op die noodsaaklikheid van veeboerdery.

## Slot

Bostaande gedagtes bewys duidelik dat die vak geskiedenis nie eng benader moet word nie en dat om te 'verstaan' dit nodig is om ook kennis te hê van en kers op te steek by ander aanverwante wetenskappe. Wat dus van die geografie gesê is kan ook toegepas word op die sosiologie, staatsleer, ekonomie, ens. Daarby kom dan ook nog die sogenaamde hulpwetenskappe. Eers by die gebruikmaking van al hierdie elemente kan die geskiedenis tot sy volle konsekwensies deurgevoer word.

* Kol J. A. Combrinck, B.A. Hon is verbonde aan die Dokumentasiediens van die SA Weermag.

### Voetnote

1. J. Huizinga, *Verzamelde Werken*, VII Haerlem, p 104
2. B. J. Liebenberg, *Historiese Metode*, Unisa Studiegids, pp 67 - 68
3. J. L. Myres, *Cambridge Ancient History*, soos aangehaal deur W. G. East, *The Geography behind History*, Londen, p 4
4. F. A. van Jaarsveld, *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig*, Johannesburg, p 174
5. W. G. East, *The Geography behind History*, Londen, p 1
6. Van Rees
7. H. B. George, *The Relations of Geography and History*, Oxford, pp 76-77
8. A. J. Christopher, *Southern Africa, Studies in Historical Geography*, England, p 169
9. A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid en A. L. Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel I, Kaapstad, p 278
10. W. G. East, *The Geography behind History*, Londen, p 42
11. F. A. van Jaarsveld, *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig*, Johannesburg, p 181
12. A. J. Christopher, *Southern Africa. Studies in Historical Geography*, England, p 23

### Bibliografie

1. Christopher, A. J.: *Southern Africa. Studies in Historical Geography*. Great Britian, 1976
2. De Vleeschauwer, H. J.: *Handleiding by die Wetenskaplike Tegniek*. Johannesburg, 1960
3. East, W. G.: *The Geography behind History*, London, 1965
4. George, H. B.: *The Relations of Geography and History*. Oxford, 1910
5. Marwick, A.: *The Nature of History*. London, 1970
6. Van Jaarsveld, F. A.: *'n Inleiding tot die Studie van Geskiedenis*. Kaapstad
7. Van Jaarsveld, F. A. en Rademeyer, J. I.: *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig*. Johannesburg, 1960
8. Van der Walt, A. J. A., Wiid, J. A. en Geyer, A. L.: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel I, Kaapstad, 1955
9. Vincent, J. M.: *Aids to Historical Research*. New York, 1969